Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord Kaapse Afdeling)

Saak no: CA & R 112/02
Datum verhoor: 2003-02-03
Datum gelewer: 2003-02-03

In die appél van:

**CHRISTINA JENNIFER EKSTEEN** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS WNR

# UITSPRAAK OP APPéL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant kom in hoër beroep teen haar vonnis soos opgelÍ in die Streekhof te Warrenton.

2. Die appellant is op grond van haar aangebode pleit van skuldig soos nader toegelig deur 'n skriftelike art 112(2) pleitverduideliking, skuldig bevind op 2 aanklagte, te wete 'n oortreding van art 2(d)(i) gelees met art 1 van die Wet op Voorkoming van Vervalsing van Betaalmiddele, Nr 16 van 1965 sowel as 'n verdere aanklag van bedrog. Sy is op die onderskeie aanklagte gevonnis tot 5 maande gevangenisstraf (aanklag 1) en tot 2 jaar gevangenisstraf in terme van art 276(1)(i) van Wet 51 van 1977 (aanklag 2).

3. Alhoewel die appellant in persoon voor ons verskyn het, was sy regsverteenwoordig deur 'n prokureur tydens haar verhoor. Uit die appellant se skriftelike pleitverduideliking,

welke pleitverduideliking en die feitebasis daarin vervat, aanvaar is deur die staatsaanklaer tydens die verhoor, blyk dat die omstandighede waaronder die voormelde misdrywe gepleeg is die volgende is:

3.1 Wat aanklag 1 aanbetref verklaar die appellant dat sy gedurende 1993 ‘n aantal $100-note by ene Koos Waite ontvang het as vergoeding omdat sy na sy kinders omgesien het. Sy verklaar dat sy dié note in ‘n kas gebÍre het en daarvan vergeet het. In 1997 het sy en haar man geskei en het sy haar in ‘n finansiële penarie bevind. Die rede daarvoor was dat haar man nagelaat en/ of versuim het om om te sien na sy minderjarige kinders na die egskeiding. Sy het toe van die $100-note onthou en het een van dié note na die *Regina Drankwinkel* geneem waar sy die eienaar geken het. Sy het die eienaar versoek om dié noot vir haar om te ruil en die

eienaar het versoek dat sy wag tot die volgende dag sodat hy die egtheid van die noot kan nagaan. Die volgende dag het die eienaar haar meegedeel dat die noot vervals is en dat die polisie aanstons daar sal opdaag. Sy het derhalwe erken, soos wat van staatsweë beweer is in die klagstaat wat betref aanklag 1, dat sy op die datum en tyd soos beweer deur die Staat by die *Regina Drankwinkel* wederregtelik en opsetlik en sonder wettige magtiging of verskoning 'n vervalste banknoot, te wete 'n $100-noot in haar besit gehad het.

3.2 Wat aanklag 2 aanbetref verklaar die appellant in haar skriftelike pleitverduideliking dat sy dié misdryf gepleeg het slegs 2 dae nadat sy deur die eienaar van die *Regina Drankwinkel* soos voormeld meegedeel is dat die $100-noot vervals is. Volgens haar het sy die oorblywende 50 $100-note wat in haar besit was, na 'n vriend geneem sodat hy dit by die Eerste Nasionale Bank kon gaan omruil vir Suid-Afrikaanse geld. Sy was deeglik bewus dat ook dié note nie eg mag wees nie maar het nogtans daarmee voortgegaan. Sy erken

derhalwe dat sy wederregtelik en opsetlik die bank bedrieg het deur hulle te probeer oorreed om die vals geld om te ruil tot hulle potensiële nadeel en dat sy derhalwe haar skuldig gemaak het aan bedrog soos ten laste gelÍ deur die Staat in aanklag 2.

4. Die appellant se persoonlike omstandighede blyk grootliks uit 2 voorvonnisverslae wat aan die hof voorgehou is, te wete ‘n proefbeampteverslag deur ‘n maatskaplike werker te Warrenton asook ‘n korrektiewe toesigverslag deur ‘n korrektiewe beampte. Daaruit blyk dat sy ten tyde van vonnisoplegging 50 jaar oud was, geskei was en dat sy nie ‘n vaste betrekking beklee het nie. Sy het van tyd tot tyd persone vervoer met haar voertuig en het gemiddeld R300.00 per maand daarmee verdien. Haar tweede oudste dogter het ‘n maandelikse bydrae van R200.00 tot die onderhoud van die familie gelewer. Dit is verder duidelik dat sy ‘n sukkelbestaan voer, veral inaggenome haar karige inkomste soos voormeld asook die feit dat sy

alleen verantwoordelik is vir die onderhoud van 4 kinders, aangesien haar gewese eggenoot versuim om sy onderhoudsverpligtinge teenoor hulle na te kom. Sy is 'n eerste oortreder en is *prima facie* berouvol oor haar daad, gegewe haar pleit van skuldig.

5. Verdere strafversagtende faktore wat in aanmerking geneem moet word is dat geen persoon daadwerklike nadeel gely het uit beide aanklagte nie.

6. Hierdie is klaarblyklik ernstige misdrywe wat gepleeg is teen die ekonomiese verkeer en soos die geleerde landdros tereg uitgewys het, ly die breë gemeenskap daaronder as vervalste banknote in omloop geplaas word. Die erns van die misdryf blyk uit die feit dat op aanklag 1 daar 'n vonnis van gevangenisstraf voorgeskryf word in Wet 16 van 1965 met 'n maksimum van 5 jaar wat betref

oortredings van art 2(d)(i) van daardie Wet. Soos die landdros ook tereg aantoon kon die Staat netsowel die appellant aangekla het van ‘n oortreding van art 2(c) van daardie Wet instede van bedrog op aanklag 2. Artikel 2(c) verbied die uitgifte, aanbieding of aanneming van enige vals munt of banknoot terwyl so ‘n persoon weet dat dit vals is. Die wetgewer skryf, wat hierdie bepaalde misdryf betref, insgelyks ‘n vonnis van gevangenisstraf voor met ‘n maksimum van 15 jaar. Soos die landdros tereg verder aantoon is dit erg strafverswarend dat die appellant, nadat sy deeglik bewus daarvan geword het dat die $100-note moonlik almal vals mag wees (op grond van die inligting wat sy bekom het van die eienaar van die *Regina Drankwinkel*) desnieteenstaande voortgegaan het om 50 $100-note, wat ‘n aansienlike bedrag in Rand daarstel, aangebied het op ‘n bedrieglike wyse aan die Eerste

Nasionale Bank om Suid-Afrikaanse geld te bekom.

7. Die landdros het 'n deeglik oorwoë uitspraak op vonnis gelewer. Daarvolgens het hy al die tersaaklike faktore deeglik in ag geneem en het besluit om die vonnisse op te lÍ wat hy wel opgelÍ het. Na my mening kan daar nie geredekawel word met die vonnis wat die appellant opgelÍ is op aanklag 2 nie. Dit is inderdaad 'n ernstige misdryf en meen ek dat die opgelegde vonnis die oogmerke van straftoemeting bevredig.

8. Die opgelegde vonnis op aanklag 1 staan egter na my mening op 'n ander been. Dit is weliswaar so dat hierdie ook 'n ernstige misdryf is, maar moet in ag geneem word dat:

a) niemand enige nadeel gely het nie en

b) dat daar slegs een $100-noot hier ter sprake was.

Verder is dit opvallend dat in die saak van **S v Van der Westhuizen 1995(1) SASV 601 (A)**, vir 'n oortreding van art 2(c) van die voormelde wet, die Appélhof 'n vonnis van 2 jaar gevangenisstraf ingevolge die bepalings vervat in art 276(1)(i) bekragtig het op appél. Die wetgewer het duidelik die oortreding ingevolge 2(c) van die Wet in 'n baie ernstiger lig beskou as 'n oortreding van art 2(d)(i) welke oortreding hier ter sprake is. Na my mening staan die opgelegde vonnis op aanklag 1 in hierdie saak in skreiende kontras met die vonnis opgelÍ in **S v Van der Westhuizen**, *supra*, tot dié mate dat dit skokkend onvanpas is. Daar moet deeglik in ag geneem word dat die Staat dit goed gevind het om nie die feitebasis van die appellant se pleit van skuldig te betwis nie. So gesien dus, moet 'n vonnisoplegger dit aanvaar dat die appellant haar in 'n finansiële krisis bevind het wat veroorsaak is

deur haar egskeiding en die daaropvolgende weiering van haar gewese eggenoot om sy onderhoudsverpligtinge behoorlik na te kom.

9. Ek is van mening dat die strafversagtende faktore sodanig is dat 'n algehele opgeskorte vonnis van 5 maande gevangenisstraf op aanklag 1 'n baie meer gepaste vonnis sal wees.

**10. In die omstandighede dus word die appellant se skuldigbevinding, sowel as die vonnis haar opgelê op aanklag 2 bekragtig, maar die vonnis opgelê op aanklag 1 word tersyde gestel en vervang met die volgende: vyf (5) maande gevangenisstraf in die geheel opgeskort vir 'n tydperk van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die appellant nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van art 2(a) of 2(b) of 2(c) van**

**Wet 16 van 1965 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

_________________

**CC WILLIAMS**

**WAARNEMENDE REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | IN PERSOON |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV E KAMMIES |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2003-02-03 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2003-02-03 |